UITVOERENDE OPSOMMING
Jaarverslag 2014/15

VOORSITTER SE VOORWOORD

Gegewe dat ons 'n tydvak beleef waarin spesies teen 'n ongehoorde tempo vernietig word en waar ons hulpbronne só vinnig verbruik dat die natuur nie in staat is om daardie hulpbronne weer teen sy eie tempo aan te vul nie, beteken dat die bewaring van ons inheemse landskappe en hul gepaardgaande prosesse al hoe meer gebiedend noodsaaklik word. Dit lei geen twyfel nie dat die Kaapse Floristiese Streek, wat bykans in geheel deur die Wes-Kaapse Provinsie omgeef word, een van hierdie planeet se mees kritiek bedreigde biodiversiteitbrandpunte is.

Dat daar oor die afgelope paar jaar van die mensdom verwag word om blitssnel op al hoe feller uitdagings te reageer en by veranderings aan te pas, lei geen twyfel nie. Om maar net 'n paar te skets, hou sulke veranderende omstandighede en gepaardgaande druk verband met hoe grond deesdae benut word en die voortdurende behoefte aan ontwikkeling, die gepaardgaande verlies aan biodiversiteit en die onvermoë van verbandhoudende ekostelsels om te doen wat hulle moet, die gesukkel om brande en uitheemse indringerspesies onder beheer te bring, kwynende varswaterreserwes en veranderings aan die klimaat wat maar al te opvallend is.

As bewaringsowerheid en bewaarder van biodiversiteit binne die Wes-Kaapse Provinsie, is CapeNature se antwoord op hierdie uitdagings om deurentyd te prioritiseer. Ons vermag dit op 'n geïntegreerde wyse aan die hand van 'n reeks programme wat verband hou met voogdyskap, waarby die daarstelling van beskermende buffersones of -korridors ingesluit is, advieslewering oor grondgebruik en die proaktiewe uitbreiding van beskermde gebiede, die geïntegreerde beheer van brande en uitheemse indringerplante en die rehabilitering van varswaterekosisteme. Ter ondersteuning van hierdie benadering word daar grotendeels gesteun op 'n toenemende mate van wetenskaplike kennis en die gebruik van inligtingskommunikasietegnologie terwyl die entiteit hom ook al hoe meer op wetstoepassing verlaat.

Deesdae word CapeNature al hoe meer gekonfronteer met die uitdaging om 'n balans te vind tussen die bewaring van biodiversiteit en die toenemende druk wat op vinnigkwynende natuurlike hulpbronne geplaas word, waar hierdie druk grotendeels toe te skryf is aan snelgroeiende bevolkingsgetalle en 'n onstuitbare ekonomie.

Dit bly egter 'n onweerlegbare feit dat biodiversiteit die mensdom van noodsaaklike goedere (soos kos, medisyne, grondstowwe) en dienste (soos toegang tot skoon lug en drinkbare water en maniere om met afval weg te doen en die klimaat te reguleer) voorsien.

Selfs al sou die voormelde uitdagings radikale en nuwe response verg, moet daar nogtans kennis geneem word dat hierdie organisasie na afloop van sy vyfjaar- strategiese beplanningsiklus (2009-2014) die gestelde teikens behaal en in die meeste gevalle oortref het.

Die feit dat CapeNature beide sy bewaringseiendom sowel as sy bemarking- en ekotoerisme-portefeulje in die loop van die oorsigtydperk uitgebrei het, kan beslis as 'n hoogtepunt beskou word aangesien beide heelwat belofte vir toekomstige volhoubaarheid inhou.

Die ontsagwekkende en allesomvattende bestuurstaak om biodiversiteit te bewaar, is egter nie iets wat mens op jou eentjie kan vermag nie. In hierdie verband wil CapeNature graag sy dank betuig teenoor, onder andere, die nasionale departement van omgewingsake se programme vir oseane en kuste, natuurlikehulpbronbestuur en omgewingsbeskerming en infrastruktuur; die provinsiale departement van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning asook die departement van vervoer en openbare werke; die nasionale departement van ekonomiese ontwikkeling en toerisme; die tesourie; die Stad Kaapstad; die Suider-Afrikaanse Stigting vir die Bewaring van Kusvoëls (SANCCOB) sowel as talryke natuurlewe-bewaringsorganisasies en jeugontwikkelingsprogramme vir hul gewaardeerde bystand en samewerking.

Die 2014/15-brandseisoen was een van die uitdagendste nog. Weer eens het CapeNature, in vennootskap met die provinsiale rampbestuurspan, hierdie uitdaging doeltreffend die hoof gebied en opleiding aan 'n nuwe generasie brandbestryders verskaf, 'n generasie wat volgens alle aanduidings steeds van krag tot krag gaan.

Uiteenlopende uitdagings het oor die afgelope jaar bepaal watter koers CapeNature sou inslaan. Heelwat van hierdie uitdagings is toe skryf aan die veranderings in leierskap wat oor die afgelope drie jaar ervaar is en die gebrek aan standvastigheid wat dit tot gevolg gehad het. Gelukkig het die aanstelling van ons nuwe HOB, dr. Razeena Omar, positiewe energie aan die organisasie verleen en standvastigheid te weeg gebring. Dit, tesame met 'n hernieude fokus aan die kant van ons nieuitvoerende raadslede, het die Raad in staat gestel om sy fidusiêre verantwoordelikheid as 'n toesighoudende en beheerliggaam doeltreffend na te kom. En met dié dat sy interne stabiliteit weer eens na behore herstel is, is CapeNature nou gereed om selfs meer waarde toe te voeg tot beide die bewaring van biodiversiteit en die ontwikkeling van die ekonomie.

Waar die reservate en beskermde gebiede onder CapeNature se beheer eens eksklusief net vir sekere mense toeganklik was, is daardie tendens aan die verander. Suksesvolle bewaring is grotendeels daarvan afhanklik dat ons burgery in geheel nie net bewus en besorg sal wees nie, maar ook verantwoordelikheid sal aanvaar. Dus, ten einde 'n liefde vir die natuurlike omgewing en begrip en waardering vir die waarde van biodiversiteit in te boesem, streef CapeNature daarna om toeganklikheid vir alle mense te fasiliteer.

Hierin moet omgewingsopvoeding en jeugontwikkeling 'n sentrale rol vervul. CapeNature streef daarna om sy respek en liefde vir die natuur aan al sy gemeenskappe oor te dra. Op hierdie manier sal die grondslag vir die ontwikkeling van selfrespek en begrip vir die onderlinge

afhanklikheid tussen die natuur en die mensdom gelê word. In die besonder moet die jeug, as ons toekomstige leiers, begryp waarom dit belangrik is om biodiversiteit te beskerm – selfs al is dit net ter wille van die voordele wat die mensdom daaruit kan put. Kortom, CapeNature kan 'n sleutelrol in die 'heling' van ons samelewing vervul.

Voorts dra die organisasie daartoe by om ekonomiese groei te bevorder en om die Wes-Kaapse Provinsie as die spilpunt van 'n groen ekonomie te posisioneer.

Om aan sy mandaat te voldoen, moet CapeNature as 'n entiteit met vele fasette hom op die kundigheid van baie toegewyde personeellede verlaat. So is die HUB en die res van die uitvoerende span daarvoor verantwoordelik om die organisasie se strategiese doelwitte aan te dryf. Die spanne by hoofkantoor, op hulle beurt, dra by tot die sukses van die organisasie en verseker dat bestuursbeheer toegepas word. En die personeel by ons reservate is ons koppelvlak met die publiek en skep dikwels die publiek se eerste indrukke.

Insgelyks vervul komiteelede met gespesialiseerde kennis 'n unieke rol aangesien hierdie organisasie hom op hul kundigheid vir leiding moet verlaat. En die oorsigrol wat deur die Raad se nie-uitvoerende lede verrig word, is aller noodsaaklik om te verseker dat hierdie organisasie sy werk binne die raamwerk van goeie bestuursbeheer verrig.

Hiermee wil ek graag my dank betuig teenoor almal wat as 'n span saamgespeel het om hul rol in die loop van hierdie oorsigtydperk te vervul.

'n Spesiale woord van dank gaan aan my voorganger, mnr. Eduard Kok, wie se ampstermyn weens gesinsverpligtinge op 31 Januarie 2015 ten einde geloop het. Voorts wil ek ook my dank betoon teenoor twee nieuitvoerende raadslede, me. Francina du Bruyn en dr. Edmund February, wie se ampstermyne op 31 Maart 2015 ten einde geloop het. Elk van hierdie raadslede het in die loop van die afgelope oorgangsfase 'n sleutelrol vervul en ons wens hulle en hul gesinne alles van die beste vir die toekoms toe.

Onteenseglik kan enige organisasie sy doeltreffendheid meet aan die mate waartoe sy mense daartoe verbind is om deur hul dienslewering die organisasie te ondersteun en sy verantwoordelikhede na te kom. Ek kan onomwonde verklaar dat CapeNature se personeel en ons onderskeie vennote daartoe verbind is om hul rolle en verantwoordelikhede gestand te doen.

Ter stawing hoef ek maar net vlugtig te verwys na daardie gevalle waar individue, selfs onder erge druk, bereid was om te doen wat op daardie oomblik van hulle verwag is, selfs al het die situasie persoonlike gevare ingehou of kon dit 'n mensetragedie tot gevolg hê. Vergun ons 'n oomblik om hulde te bring aan diegene wat die hoogste tol betaal het vir 'n saak wat op die lange duur tot voordeel van die nageslag gaan strek.

Prof Gavin Maneveldt
Voorsitter van die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad

UITVOERENDE HOOF SE OORSIG

Oorsig

In 2014/15 het CapeNature ’n raadplegende proses van stapel gestuur met die oog daarop om ’n nuwe strategiese plan te ontwikkel wat die uitvoering van ons mandaat oor die volgende vyf jaar sal begelei. Die strategie vir CapeNature word aangedryf deur ’n nuwe visie, naamlik om die natuur vir ’n volhoubare toekoms te bewaar, en ’n nuwe missie, naamlik om ons menslike, natuurlike en erfenisbates deur beste praktyke, toegang, die deel van voordele en volhoubare gebruik te bestuur, te bewaar en te bevorder. Gelyklopend hiermee het die entiteit ’n stel waardes ontwikkel wat as die C.A.R.E.-waardes bekend staan om die organisasie oor die volgende vyf jaar te begelei. Ons C.A.R.E.-waardes is klantediens, aanspreeklikheid, respek en etiek.

Van beduidende belang vir CapeNature was toe die Knersvlakte-natuurreservaat onlangs geproklameer is. Die proklamasie van hierdie reservaat, wat 85 518 ha dek, het aansienlik daartoe bygedra om die organisasie se beskermde gebiede uit te brei.

’n Totaal van 153 brande is gedurende hierdie tydperk aangeteken, en dit is die hoogste getal brande wat in 17 boekjare ervaar is. Hierdie brande het tot gevolg gehad dat meer as 133 129,31 ha afgebrand het, wat aansienlike druk op finansiële hulpbronne geplaas het. Die departement van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning (OSOB) het addisionele befondsing van R3,1 miljoen toegewys om die druk op hulpbronne te verlig. Aan die einde van die verslagtydperk het die entiteit se voorwaardelike aanspreeklikheid egter steeds op R52,2 miljoen gestaan.

CapeNature se toerisme-eiendom is tot voordeel van die publiek in die algemeen in stand gehou en uitgebrei. Inkomste vanuit toerismeverwante aktiwiteite het ook die begrote verwagtinge met 24,6% oorskry. Gedurende die oorsigtydperk is twee nuwe toerisme-ontwikkelings, die Rocherpan- en Cederberg-natuurreservaat, voltooi en kon CapeNature opgegradeerde projekte aflewer. Na verwagting sal hierdie opgraderings en uitbreidings in die volgende jare addisionele inkomste oplewer.

Algemene Finansiële Oorsig

Die totale inkomste wat CapeNature in die loop van die oorsigtydperk voortgebring het, het R303 465 miljoen beloop. In hierdie verband het die entiteit R245 227 miljoen (99.6%) van die R246 095 miljoen benut wat vanaf OSOB ontvang is, met die restant wat vanuit spesiale projekte en eie-inkomstestrome voortgebring is.

’n Besluit is geneem om daarop te konsentreer om die voortbringing van eie inkomste te verhoog in reaksie op dreigende finansiële beperkings.

Tydens die oorsigtydperk is die entiteit se projeksie van R33 290 uit eie inkomste met R2 674 miljoen (8,03%) oorskry. Inkomste wat voortgebring is uit eie-inkomstestrome soos toerisme, lisensies en permitte sowel as uit rente ontvang, het projeksies met 24,6%, 52,3% en 114,3% onderskeidelik oorskry. Die bogenoemde begrotingsprestasie wat deur toerisme-aktiwiteite

behaal is, word toegeskryf aan die opgradering van akkommodasiefasiliteite, die betaling van toegangsgelde, die verkope van Wild Cards en die aanbieding van buitelug-avontuur-geleenthede binne reservate. Voorts kon CapeNature se eenheid biodiversiteitmisdaad by wyse van suksesvolle vervolgings en boetes in die loop van 2014/15 R907 375 in inkomste tot die organisasie bydra.

Toewysings: Daar was 'n onderbesteding van R18 310 miljoen op inkomste vanuit staatstoekennings en projekbefondsing wat grotendeels toegeskryf kan word aan die laat finalisering van die ooreenkomste met die departement van omgewingsake (DOS) en omdat alle kontrakteurswerk nie afgehandel kon word nie weens die onveilige toestande wat deur die aantal veldbrande veroorsaak is. DOS, via sy program vir omgewingsbeskerming en -infrastruktuur (EPIP), het befondsing ter waarde van R63,9 miljoen goedgekeur vir die implementering van projekte oor die volgende drie jaar by die volgende natuurreservate: Driftsands, Knersvlakte, De Hoop en Anysberg. Hierdie fondse sal gebruik word om heinings op te rig en paaie op te gradeer.

CapeNature se debiteure het R6,9 miljoen beloop, waarvan R5,8 miljoen debiteure verteenwoordig wat minder as 30 dae oud is. Die oorblywende R1,1 miljoen hou verband met debiteure wat bruikhuurooreenkomste en konsessies aangegaan het. Die entiteit het maatreëls geïmplementeer om agterstallige skuld te in.

In Maart 2015 het hoogsaangeskrewe waardeerders 'n waardasie van grond en geboue onderneem. In hierdie verband is hoër waardasies ter waarde van R550 000 en R810 574 bekom, wat as 'n billike waarde vir hierdie eiendomme beskou word.

Die openbare entiteit se bestedingstendense

As gevolg van aansuiwerings aan die verdeling van inkomste in die mediumtermyn-uitgaweraamwerk (MTUR) het die entiteit daarna gestreef om die prestasie van eie-inkomstestrome te versterk onderwyl daar tegelyk gepoog is om waarde-vir-geld uit bestaande hulpbronne te haal en kostebesparende maatreëls te implementeer.

Operasionele vereistes in soverre vervoer en reis aanbetref, is belemmer weens die vereiste om aan staatsmotorvervoer se vlootverpligtinge te voldoen wat tot gevolg gehad het dat die vloot gekrimp het.

Die entiteit het in totaal R13 176 miljoen minder as die begrote bedrag bestee, 'n stand van sake wat grotendeels toegeskryf kan word aan die oponthoud in die finalisering van DOS se befondsing van spesiale toekennings.

Kapasiteitsbeperkings en uitdagings waarmee die openbare entiteit te kampe het

Hierdie oorsigtydperk word onderskei deur die eerste jaar waarin die toewysing met R13 miljoen oor die MTUR (2014/15 tot 2016/17) verlaag is. Hierdie aansuiwering het voortgespruit uit die hersiening van verdeling van inkomste tussen OSOB en CapeNature.

Met die afname van R39 miljoen in beskikbare hulpbronne oor die MTUR, moes die entiteit se bedrywighede en toename in personeel besnoei word omdat dit nie meer moontlik sou wees om bedryfsvlakke te handhaaf nie. In 2014/15 kon befondsde vakatures, wat soveel as R6,6 miljoen beloop, nie gevul word nie, en die entiteit plaas steeds ’n perk op personeelgroei omdat hy nie by vermoë is om hierdie verpligting volhoubaar na te kom nie. Die oorblywende afname van R6,4 miljoen uit bedryfsaktiwiteite het ’n impak op die doeltreffende bestuur van die natuurreservate.

Die beperkte hulpbronne het die entiteit gevolglik genoodsaak om grotendeels op sektoraanwysers en nasionale oogmerke te fokus.

Om doeltreffendheid te verhoog, het die entiteit die agt areas in drie streke saamgegroepeer, ’n intervensie wat medium- en langtermynvoordele kan inhou. Die vermoë om personeel-verpligtinge volhoubaar na te kom, tesame met belemmerde groei in die nodige bedryfs-befondsing, bly egter steeds ’n uitdaging.

Aktiwiteite wat gestaak is/aktiwiteite wat gestaak gaan word

Die entiteit se programme is steeds relevant, hou onderling verband en strook met beide nasionale en provinsiale prioriteite. Daarom is geen programme in die loop van die oorsigtydperk gestaak nie. Voorts, uit erkenning vir die aansienlike rol wat ondersteunende funksies in bestuurstoesig, nakoming en die volhoubaarheid van eie-inkomstestrome vervul, het die entiteit nie enige eenhede geïdentifiseer wat gestaak behoort te word nie.

Weens begrotingsbeperkings kon die entiteit nie basislynverhogings vir alle programme in berekening bring nie. Gevolglik het programme teen 2013/14 se vlakke gefunksioneer.

Nuwe of voorgestelde aktiwiteite

In die loop van die oorsigjaar is die korridor onder beheer van die Dassenberg-kusopvangsgebiedvennootskap (DCCP) en die kompleks ter bewaring van Afrika-pikkewynkolonies by Stony Point aan CapeNature se bestuursportefeulje toegewys.

Om die risiko verwant aan die uitoefening van bestuursbeheer oor inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) te versag, het OSOB R5 miljoen aan die entiteit toegewys om sy IKT-sekuriteit op te skerp. Hierdie befondsing is grotendeels benut om ’n ramp-verligtingsperseel by die Driftsands-natuurreservaat in te rig.

Versoeke vir die oorrol van fondse

Soos per ontvangs van die befondsing vir IKT-intervensies opgedra, is daar met die inrig van die rampverligtingsperseel voortgegaan. Die ingewikkelde aard van sommige van die apparatuur het egter tot gevolg gehad dat van hierdie apparatuur ten bedrae van R868 449 laat gelewer is. Gevolglik het die entiteit om die oorrol van hierdie fondse aansoek gedoen sodat die inrigting van die perseel afgehandel kan word.

Voorsieningskanaalbestuur

Alle ongevraagde tenderaanbiedings aangegaan gedurende die oorsigjaar

Geen ongevraagde tenderaanbiedings is in die loop van die oorsigjaar ontvang nie.

Die mate waartoe voorsieningskanaalprosesse en -stelsels in plek gestel is

Die entiteit het doeltreffende voorsieningskanaalstelsels gehandhaaf. Die beleid op voorsieningskanaalbestuur en die beleid op die afwenteling van gesag is hersien en goedgekeur.

Welke uitdagings ervaar is en hoe hulle opgelos gaan word

Die implementering van die provinsie se geïntegreerde verkrygingsoplossing (IPS) het 'n effense oponthoud in die aanvra van kosteramings vanaf verskaffers tot gevolg gehad omdat laasgenoemde eers vertroud moes raak met die wyse waarop kosteramings via hierdie stelsel ingedien moet word.

Aangeleenthede voortspruitend uit die vorige jaar se oudit en hoe daarvan werkgemaak gaan word

Ten einde interne beheer in die hand te werk, gaan voorsieningskanaalbestuur voortaan alle verkrygingsaktiwiteite nougeset aan ondersoeke na moontlike bedrog en risiko's onderwerp. Opleiding om alle personeel spesifiek met hierdie aspek te vereenselwig, word onderneem.

Vooruitskouing/planne wat in die vooruitsig gestel word om finansiële uitdagings die hoof te bied

Die entiteit het strenger beheermaatreëls ingevoer met die oog daarop om gesonde finansiële bestuurspraktyke te verseker. Finansiële oorsigte is maandeliks uitgevoer met die oog daarop om finansiële prestasie te moniteer. Voorts is finansiële beleid hersien om te verseker dat gestandaardiseerde prosesse gevolg word.

Gegewe 'n opset waarbinne hulpbronne beperk is, het CapeNature daarna gestreef of eie-inkomstestrome te verbeter.

Voorts word daar deurentyd ag geslaan op kostebesparende maatreëls, herprioritisering en die identifisering van kompromieë.

Die entiteit streef voorts daarna om werk te maak van die wanbalans tussen personeel- en bedryfsbefondsing.

Gebeure na verslagdatum

Die uitmergelende brandseisoen het langer as die verslagtydperk geduur. Die entiteit het in April 2015 18 brande beleef, waartydens 10 173 ha afgebrand het.

Ekonomiese haalbaarheid

Ondanks die feit dat die entiteit negatief beïnvloed is deur druk op die fiskus en verlief moes neem met 'n klimaat wat deur ingeperkte hulpbronne gekenmerk word, het hy nogtans verskeie maatreëls geïmplementeer om hierdie druk te verlig. CapeNature pas deurentyd die

strengheidsmaatreëls toe wat deur die nasionale tesourie ingevoer is. Die entiteit se voorneme om ’n bydrae te lewer tot volhoubare groei en werkskepping binne die Wes-Kaap blyk uit die sukses wat hy met die implementering van die uitgebreide-openbarewerkeprogram (UOWP) behaal het.

Die entiteit se voorneme om aanvaarbare finansiële en administratiewe beginsels na te kom, vind inslag in die manier waarop sy vlak van finansiële en operasionele prestasie in oënskou geneem is sowel as die mate waartoe hy aan wetgewende voorskrifte voldoen het. Vir hierdie oorsigtydperk het die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika ’n skoon, ongekwalifiseerde ouditstatus aan CapeNature toegeken, ’n stand van sake wat daarop dui dat beheermaatreëls ter verbetering van aanspreeklikheid en leierskap ongetwyfeld in plek gestel is.

Erkenning en/of waardering

Ek betuig met genoeë my dank teenoor onderskeidelik die voormalige en huidige voorsitters van die raad, by name mnr. Eduard Kok en prof. Gavin, vir hul bereidwilligheid om my te mentor.

Eweneens kon ek my ook deurentyd op die steun van OSOB se staande komitee verlaat. Ander departemente, beide nasionaal en provinsiaal, was ook bereid om geredelik in die bresse te tree – veral toe befondsing vanaf die departement van omgewingsake ter sprake gekom het. Ek is insgelyks my dank verskuldig aan OSOB vir die gewaardeerde toesighoudende rol wat hierdie departement ten opsigte van CapeNature se raad en sy komitees vervul en die advies wat hierdie departement bied.

Ter afsluiting, vergun my die geleentheid om my dank uit te spreek teenoor CapeNature se personeel vir die harde werk en die toewyding wat hulle in die loop van hierdie oorsigtydperk aan die dag gelê het.

Dr Razeena Omar
UITVOERENDE HOOF

PRESTASIE OPSOMMING





FINANSIËLE OPSOMMING

Unqualified audit report

24% increase in tourism revenue

R22m investment in assets

ABRIDGED FINANCIAL STATEMENTS*

ABRIDGED STATEMENT OF FINANCIAL PERFORMANCE

	2015	2014
	R'000	
Exchange Revenue	35 972	30 469
Transfer Revenue	267 493	259 557
Total Revenue	**303 465**	**290 026**
Employee costs	165 389	152 993
Other expenditure	114 445	125 923
Total Expenditure	**279 834**	**278 916**
Operating Surplus	**23 631**	**11 110**

ABRIDGED STATEMENT OF FINANCIAL POSITION

Current Assets	105 776	90 452
Non-current assets	107 500	90 704
Total Assets	**213 276**	**181 156**
Current liabilities	46 625	54 774
Non-current liabilities	60 181	45 368
Total liabilities	**106 806**	**100 142**
Net Assets	**106 470**	**81 014**

For a full set of financial statements please refer to our annual report which can be located on our website (www.capenature.co.za)